Ps. 48: 1, 4 **Die Heiland se Testament.** L/ Patch 7 Apr. 57.
Ges. 117: 1, 4 (Ges. 61: 7) Joh. 14: 25-31 ; Patch-Sa 16 Mrt '58
" 122; 9, 10. (Doop: Ps. 128: 3)
Joh. 14: 27 - Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie.

Christus neem afskeid van sy dissipels - die afskeid van Een wat weet dat Hy gaan sterwe en ook hoe Hy gaan sterwe. Soos in alle gevalle van stermendes wat iets het om na te laat, maak ook Hy sy testament, bemaak Hy sy erfenis. - maar hoe anders is hd. testament as enige ander een wat nog ooit gemaak is of gemaak sal word! Rykdom, geld, besittings? Nee - niks hiervan. Christus laat sy ~~laat Hy~~ arm na aan aardse kinders en erfgename. Hy skenk hulle 'n erfenis wat goed en geld maar oneindig groter en ryker is as al die goud v.d. aarde as Hy sê: Joh. 14: 27

Van hd. vrede ~~het~~ was daar reeds vroeër melding gemaak in d. Bybel (God se testament aan d. mens). Reeds Jesaja het in die O.T. (Jes. 9:6) die voorspelling gedoen van die Vredevors wat a.d. wêreld gegee sou word „tot vrede sonder einde". En toe Joh. d. Doper gebore is het sy vader Sagaria met diepe ontroering gesing dat ~~hy~~ Christus, „die opgaande lig uit d. hoogte ons besoek het om ons voete na die pad van vrede te rig" (Luk. 1: 78, 79). Maar d. belofte is ons in volle heerlikheid verkondig toe d. engele met Jesus se geboorte gesing het: „Vrede op aarde ... " En hier kom Jesus nou, op d. vooraand van sy dood, dd. vrede in al sy volheid belowe en toesê.

Ons wys dan op:

I. **Die Belofte v. Vrede: „Vrede laat Ek julle na".**
Op d. oog klink dit baie mooi, maar ons moet baie versigtig wees wanneer ons d. wd vrede hoor of gebruik. - ~~Want ws~~ ook wanneer Christus d. wd ge-

bruik. Want was dit nie dieselfde Jesus wat gesê het: „Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op d. aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard"?

En d. wêreld en sy leusens? Het hulle nie al d. eeue deur, keer op keer, plegtige beloftes van vrede gedaan, vredesverdrae geskrif, vredesoptogte gehou nie? Het nie reeds die ou Grieke baie van vrede gepraat, hulle eie godin van vrede, Irene, aanbid nie? Selfs 'n beeld vir haar opgerig met klein seuntjie, Pluto, langs haar = god van welvaart, rykdom. Is dit nie ook wat ons baiekeer onder vrede verstaan nie — tyd van voorspoed, oorvloed, welvaart! As ons net dit kan kry — dan d. vrede! Ons nie ook presies soos Israel v. ouds van wie d. profeet moes sê: „Vrede, vrede, maar daar is geen vrede nie!"

Want waar het d. wêreld en sy beloftes ons gebring? Watter vrede het ons bereik? Is d. wêreld van ons dag nie 'n wêreld van botsing en gisting en stryd soos nog nooit voorheen aanskou? Wat beteken hul beloftes? Dis soos seepbelle in die wind! (Hoe nie bedrieg v. beswaar!) // En nou kom Xtus en Hy praat ook v. vrede — maar as iets heel anders!

II Die Aard van Xtus se Vrede: Jesus is baie versigtig en uitgesproke as Hy praat van vrede: „My vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie." Christus weet presies wat ander ons mense aangaan: wat vir die een vrede is, is vir d. ander dikwels oorlog. Daarom sê Hy: Ek gee julle my vrede — maar dis anders as d. wêreld s'n:

a) Wat dit is: So geheel andersoortig as dié v.d. wêreld: Die wêreld s'n — uiterlik — Xtus s'n innerlik; die wêreld s'n in verdrae — Xtus s'n in verhoudinge; die wêreld s'n een v. geld & goed — Xtus s'n dié v.d. gees; die wêreld s'n lyk goed maar beteken niks; Xtus s'n lyk na niks maar beteken alles! Wêreld s'n ~~lig~~ tydelik — Xtus s'n ewig!

b) Wat dit Hom gekos het: „My Vrede" Om dit te besef moet ons ons let op d. lang en moeisame lydensweg wat d. Heiland moes gaan. D.d. lyding nie begin op Goeie Vrydag met (reeds op) Kersnag: reeds Xtus se neerdaal na d. aarde en sy indaal in d. mensheid met al sy ellende, sonde en nood was vir Hom 'n Via Dolorosa. Sy hele lewe op aarde was 'n voortsetting van dd. lyding: Sy familie Hom nie verstaan nie, sy dissipels Hom nie gehoorsaam, sy volgelinge Hom verlaat, die Fariseërs Hom agtervolg, Herodes Hom bespot, Pilatus Hom veroordeel, d. soldate Hom bespuug, sy liggaam gefolter, sy siel gepynig deur d. mens se swaar las v. sonde. // Ja — selfs sy Vader Hom verlaat — En onder al dié lye is sy ewige Godsvrede nie vir een oomblik versteur nie!

→ Besef u dit? Dank u God genoeg daarvoor?

c) Wat dit om bewerk het: En as iemand nou sou vra: Wat help dit nou om so 'n vrede te besit? dan kyk ons 'n na sy volgelinge:

Stefanus: Voor d. Joodse Raad — hulle kners op d. tande hulle verwerp en verwens hom — maar hy staan met d. glans v. d. hemel op sy gesig en steun met 'n stralende gelaat & met gebed vir sy vyande op sy lippe!

Petrus: Gebaie ida tronk, met d. dood voor oë & tog rustig aan d. slaap soos 'n kind op sy moeder se bors! „My Vrede"

Paulus: 14 dae op stormsee — ouens v spanning van al d. ander — net hy in rus en vrede!

Martelare: met 'n goddelike kalmte en 'n rustige vertroue d. dood triomferend tegemoetgaan!

→ Het ons dd. vrede? As bekommernis wil toesak, as vyande ons bestorm, as vriende ons verlaat, as storms woed? Of soos wêreld — verteer deur sy spanninge, sy angs, sy gejaagdheid, sy onrede? Teets: „Laat julle hart —"

II

Vree, volle vree – as woeste storme woed?
Op Jesus boesem vind ek kalmte soet.
Vree, volle vree – al is d. toekoms swart?
Die Heer regeer, en Hy versterk ons hart.

III Die Ontvangs van Sy Vrede: Jesus bemaak sy erfenis aan al sy kinders en erfgename: „My Vrede laat Ek julle na, my vrede gee Ek aan julle" Hy sê nie: ek wens dit julle toe nie – nee, Hy gee dit as geskenk en bevestig & verseël sy testament met sy dood a.d. Kruis. En as Pinkster kom en die H.Gees se uitstorting d. gemeente in alle waarheid lei, dan besing d. een skrywer na d. ander hd. vrede – ons ryke besit! Erfgename wat hulle erfenis ontvang het.
Rom. 5:1 – „Omdat ons dan uit d. geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse H.J.X."

Hier lê juis ons grootste gevaar: die erfenis ontvang – en nou wil ons dit weglê, op 'n spaarrekening plaas waar dit kan rente trek. Net wat d. duiwel verlang i.p.v. dadelik erken dat ons nooit hd. erfenis ontvang het om dit te hou nie, maar juis om dit uit te deel – weg te gee! Sê Paulus dan nie dat deel v. ons wapenrusting is „as skoene aan julle voete die bereidheid vir d. evangelie van vrede"? Nie Xtus wat vir ons gesê het: „Salig is d. vredemakers, want hulle sal kinders v. G genoem word"?

→ Besit u dié Xtusvrede? Wat maak u d/m:
Êrens om u iemand in angs, spanning, vrees, beklemming? Het u dié vrede – in u oë, u stem, u houding, u gesig? Gaan dra dit dan voort gedagtig aan d. vred.-Jes.: (Jes. 52:7)

„Hoe lieflik is op d. berge die voete van hom wat d. goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep: wat aan Sion sê: Jou God is Koning!"